

Woensdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 6

Fokusgedeelte: Daniël 6:23 (AFR33/53)

Die dood kan ons as gelowiges nie vashou nie

Die ironie van die wêreld is dat die wêreld dink gelowiges se swakheid lê in hulle geloof. Diegene wat Daniël vyandig was tydens sy ballingskap, het sy swakheid in sy geloof gesoek. Nog meer, hulle het hom juis in sy geloof aangeval. Maar alles wat met Daniël gebeur het, gaan baie verder as hyself. Hy was maar net 'n skaduwee van ons Here Jesus wat sou kom.

Daniël het sy werk getrou gedoen, geen korrupsie, geen kortpaaie nie. Daarom val hulle hom aan. Die ander amptenare en ministers het geweet as Daniël in die hoë posisie geplaas word, sal hulle nie meer korrup kan wees nie. Daarom werk hulle die skelm streek uit om hom in die leeu kuil te gooi.

Daniël het wel getrou gebly. Hy was soos die gelowige van HK Sondag 45 wat bekend was om te bid. Ten spyte van die wetgewing, gaan bid hy soos gewoonlik. In hoofstuk 9 kry ons iets van die moontlike inhoud van die gebed. Oor hierdie getrouheid word hy aangekla en in die leeu kuil gegooi.

Tog het die Here dit ook gebruik tot eer van sy Naam. Hy het Daniël in die kuil bewaar en so sy goedheid bewys. Die Here het Daniël se saak besleg waarin Daniël onskuldig was. Dit is besonders, omdat Daniël se naam juis beteken: *Die Here is my Regter*.

Dit gaan baie verder as Daniël. Waar Daniël verlos was van die dood van die kuil, moes Christus waarlik die dood ingaan. Vir Hom was daar geen genade nie, sodat daar vir elke gelowige genade kan wees. Die dood kon Hom nie vashou nie, want Hy was waarlik onskuldig. Die dood kan nie 'n onskuldige vashou nie. Daarom kan die dood ons as gelowiges nie vashou nie, want ons is in Christus onskuldig verklaar. In Christus word ons ewig bewaar van die dood.

Sing: Psalm 31-1:1, 4

Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)